

**Sondag, 6 September 2020**  
**Fokusteks: Matteus 18:15-20**

Wat moet 'n mens doen as iemand anders se optrede jou seergemaak het? Moet jy stilbly? Moet jy daarvoor praat? Moet jy selfs die persoon op 'n manier terugkry? Terug seermaak? Of moet jy vergewe?

In Mat.18:15-17 vind ons 'n soort prosedure wat aan ons voorgehou word. Stap 1 - Gaan praat eers eenkant met daardie persoon, in privaatheid. Probeer die saak met mekaar uitklaar. Stap 2 - As die persoon nie wil hoor nie, neem dan nog een of twee mense saam met jou en praat weer met die persoon. Stap 3 - As dit nie werk nie, gaan sê dit vir die gemeente en kyk of die persoon nie tot insig en inkeer kom nie. Stap 4 - As die persoon nie na die gemeente luister nie, verwyder daardie persoon dan uit jul geloofsgemeenskap en behandel hom of haar as 'n buitestaander.

Ek dink 'n mens kan hierdie verse, as jy dit lees sonder die verband waarin dit geskryf is, geheel en al misverstaan. Dan klink dit amper soos regsprosedures en 'n soort hofsitting. Koud, klinies en ongenaakbaar. Dit kan ook 'n soort slaanstok word om iemand te straf of "uit te werk." Ek vrees baie mense het om hierdie rede dalk die kerk as 'n plek ervaar waar daar geoordeel en bestraf word. 'n Plek waar vergifnis skaars is en waar persoonlike verskille tot verdagmakery en skinderpraatjies lei. Die kerk is veronderstel om 'n geloofsgemeenskap te wees wat hul gedrag volgens die Woord en Gees laat bepaal en uitleef. Ons weet egter dat dit nie 'n perfekte klomp mense bymekaar is nie. Daar was, en is, sal seker nog baie konflik onder christene wees. Dit was al so van die ontstaan van die eerste gemeentes gedurende die Bybelse tye. In ons eie kerkgeskiedenis is ons maar alte bewus van ernstige konflik, selfs hofsake en verskeurde verhoudings.

Jesus kom wys in Mat.18 wat die deurslaggewende beginsels van die koninkryk is. Waaroor gaan dit regtig? Hoe behoort die kinders van die Here met mekaar saam te leef, ook wanneer daar konflik is en teen mekaar gesondig word? Hoe kan dit anders lyk as die soort lewe wat deur die Fariseërs en Wetgeleerdes voorgehou word? Hulle was immers baie gou om te veroordeel met reëls en regulasies wat soos 'n swaar las op mense se skouers gerus het. Daarom is dit belangrik om die hele hoofstuk te lees sodat die bedoeling van verse 15-17 in die regte lig gesien kan word.

In verse 1-5 hou Jesus 'n kindjie voor as die belangrikste in die koninkryk. Onthou, kinders was onder op die sosiale leer. Hulle het geen regte gehad nie en daarom ook nie enige sosiale gesag nie. Hulle was verteenwoordigend van die sogenaamde "weerloses" in die samelewing. Volgens Jesus is dit juis hulle wat die belangrikste in die koninkryk is, en nie die mense wat op hul belangrike sosiale status staatmaak nie. Vanaf verse 6-9 rig Jesus 'n ernstige waarskuwing dat sulke mense, met ander woorde die weerloses, nie as minderwaardig beskou mag word nie. Niemand mag hulle verhoed om deel van geloofsgemeenskap van die Here te wees nie. Niemand mag so optree dat hulle nie meer tuis voel nie. Niemand mag 'n struikelblok wees in die pad van die hulpelose en weerlose om deur die Here liefgehê en begenadig te word nie. Trouens, Jesus sê as julle so iemand ontvang, ontvang julle My (vers 5).

Dan kom die gelykenis van die verlore skaap aan die beurt in verse 10-14. Hoe moet die gelowiges maak met iemand wat begin weg dwaal van die Here? Moet hulle begin skinder en maar net hul koppe skud? Moet hulle sê dis beter dat daardie persoon eerder gee pad uit die kring van die gelowiges? Nee, soos wat 'n herder gaan soek na 'n skaap wat weggedwaal het, so moet kinders van die Here daarop ingestel wees om die sondaar terug te wen en terug te bring.

En nou kom ons by die vraag wat in verse 15-17 veronderstel word. Wat moet ek doen met 'n medegelowige wat teenoor my gesondig het? Jesus gee dan die riglyne soos wat dit daar beskryf word. Gaan praat eers self. Neem later nog mense saam, nie om die persoon te intimideer of te boelie nie, maar om saam met mekaar in wysheid te soek vir 'n oplossing. Indien nodig, vra ook die hulp van die gemeente om te help met

versoening. Let ook op na die res van die hoofstuk - verse 21-35. Daar gaan dit oor die plig om te vergewe. In die lig van die hele hoofstuk word die bedoeling van die riglyne in verse 15-17 duidelik: praat dinge uit in liefde. Doen alles in jou vermoë om versoening te vind. Ondersoek alle moontlike opsies wat daar is om die saak reg te maak. En onthou, om vergifnis aan te bied is een van daardie opsies. Alhoewel, in Jesus se oë is dit nie opsie nie, maar 'n verpligting. Sorg dat jy in die hele proses so optree dat jy nie daardie persoon van Jesus "afvallig maak nie," soos dit in vers 6 genoem word. Die doel met 'n gelowige wat sondig, is om terug te bring en weer deel te maak van die geloofsgemeenskap.

Vers 19,20 moet ook in hierdie lig verstaan word.

*<sup>19</sup>Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, <sup>20</sup>want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."*

Dit gaan verseker nie hier oor gebede van gelowiges wat op 'n manier die Here forseer om maar te gee waarvoor daar gebid word nie. Met ander woorde, hoe meer mense saam oor dieselfde saak bid, hoe meer draai ons God se arm om maar toe te gee aan ons versoeke nie. Nee, ons moet dit nogmaals in die verband van die hele hoofstuk lees. Die Here vra van ons om alles moontlik te probeer om konflik en vasgeloopte verhoudinge vreedsaam en in liefde op te los. En daar waar ons saam met mekaar voor die Here dit doen, daar sal Hy wees. Daar sal Hy sy seën laat rus op ons opregte pogings om dinge in liefde uit te praat. Daar waar gelowiges mekaar vergewe is Hy teenwoordig. Maar hoe kan ons bid dat die Here ons tog sal seën, terwyl ons met wrokke rondloop en 'n onvergewensgesindheid openbaar?

In vers 17 is daar 'n laaste opsie, maar let wel, 'n allerlaaste opsie, wat oorbly as 'n persoon wat gesondig het nie tot inkeer kom nie. Jesus sê jy moet so iemand dan as 'n tollenaar en heiden (sondaar) behandel. Beteken dit dat daar 'n punt kom waar jy dan maar so 'n persoon kan afskryf? Of die reg het om nie te vergewe nie? Ek wonder soms of Jesus hierdie woorde nie dalk 'n bietjie tong in die kies gesê het nie. Want Jesus het nog nooit die tollenaars en sondaars afgeskryf nie. Dit is dan juis die mense na wie Hy uitgereik het! Hulle was tipiese voorbeelde van mense wat nie toegewyde Jode was nie. Afvalliges, sou ons kon sê. Nie-Jode is ook dikwels gesien as sondaars, omdat hulle nie in God glo nie. En tollenaars, die belastinggaarders van daardie tyd, was beskou as bedrieërs.

Maar hoe het Jesus hulle behandel? Wel, die einste Matteus wat hierdie evangelie skryf, was 'n tollenaar voor Jesus hom as dissipel geroep het. Lees gerus daarvan in Mat.9:9-13. Jesus het by Matteus se huis ingegaan en saam met hom en ander tollenaars en sondaars geëet. Die Fariseërs was soos gewoonlik baie ontsteld daaroor en wou by die dissipels weet waarom Jesus dit doen. Dan antwoord Jesus (v.12,13)

*Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."*

En in Mat.21:31,32 sê Jesus vir die priesterhoofde en familiehoofde die volgende na aanleiding van hul verset teen Jesus en hul ongeloof:

*"Dit verseker Ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in." Johannes het gekom om julle die regte pad te wys, en julle het hom nie geglo nie, maar tollenaars en prostitute het hom geglo. Maar selfs toe julle dit sien, het julle nie agterna berou gekry en hom geglo nie."*

Dit help ons om ons fokusteks in die regte lig te verstaan. Om iemand soos 'n tollenaar en sondaar te behandel is om maar weer uit te reik en aanhou met gebed vir daardie persoon. Aanhou met liefdevolle

optrede. Soos wat Jesus met sulke mense gedoen het. Wie weet, daardie persoon mag dalk eendag tog weer tot inkeer kom. Moet net nie in die pad van die werking van die Gees staan nie.

Mag die Here ons die genade gee om in liefde, eerbied en respek met mekaar as gelowiges om te gaan.

## **GEBED**

Here Jesus, bemagtig my met u liefde  
sodat elkeen wat vandag met my te doen kry  
daarná gelukkiger sal wees as voorheen.  
Gee my elke uur van hierdie dag die wysheid van 'n liefdevolle hart  
sodat ek in elke situasie sal weet  
wat om te sê en hoe om dit te sê.  
Maak my sensitief vir ander se gevoelens en begeertes,  
en gretig om daarop te reageer.  
Open my oë vir mense se klein dade van bedagsaamheid,  
sodat ek daarvoor kan dankie sê,  
en self daaruit kan leer.  
Wat ek eintlik vra, Here,  
is lesse in praktiese Christusliefde!  
(Anoniem)